Kempie Klets

Uitgawe 9: 5 Augustus 2010

Uit die Hoof se kantoor . . .

Geagte Ouers

Die sokker is lankal vergete, die lente is op pad en die akademiese jaar staan einde se kant toe vir die leerders. Voor die laaste eksamen vir die jaar geskryf word, is daar egter nog baie water wat in die see moet loop. Sterkte en genade vir ons matrieks en hulle ouers met die rekordeksamen wat om die draai lê en wag. Ons vertrou dat dit met almal goed sal gaan.

Wintersport

Al die wintersporte is met uitspele besig. Die netbal se eerstes het ons baie trots gemaak deur verlede naweek onder die laaste 8 in die nasionale kompetisie te eindig. Wat 'n prestasie! Baie geluk aan Me Sharon Nel, die span en hulle ouers.
Al vier die rugbyspanne neem die naweek deel aan die kwarteind wedstryde vir die Beeld trofee. Ons weet dat die manne hulle beste gaan gee vir die wedstryde wat voorlê. So is die O/15 en O/16 hokkiespanne ook Saterdag in uitspele vir die Noordvaal trofee betrokke. Die Kempies se naam loop wyd en boesem agting en respek af. Kom ons gaan leef dit uit.

Oueraand

Vanaand, 5 Augustus, van 17:00 tot 19:00 word die ouers almal genooi om die personeel tydens 'n oueraand te kom ontmoet. Ons as personeel het regtig 'n behoefte om u te ontmoet en 'n gesprek in belang van u kind te voer. Saam met die oueraand is daar ook die kinders se Expo uitstalling in die saal wat u nie moet misloop nie. Dit is werklik besonders.

Baklei onder die kinders

Ek het reeds die jaar in een van die Kempie Kletse met u 'n paar gedagtes gewissel oor bakleiery onder die kinders en die oorsake daarvan. Onder hoofde word dit nogal beleef dat daar heelwat onsmaaklikhede by partytjies plaasvind wat in vuisgevegte eindig met gepaardgaande klagtes by die SAPD. Ons kinders het regtig behoefte aan leiding van u as ouers oor die hantering van moeilikheid tussen hulle maats. Baklei is nié die antwoord nie. Ons doen moeite om van skool se kant die saak aan te spreek, maar dit moet ook van u kant hanteer word. Dankie daarvoor.

Voorgenome staking van onderwys vakbonde

Hierdie is 'n baie komplekse saak wat baie kante het. Een van die kante sê dit is nie ons styl om te staak nie. Die ander kant sê dit is die wyse waarop die regering onderhandel. Tussen die duiwel en die diepblou see moet ons 'n middeweg probeer kry. Toon asseblief begrip vir die netelige posisie waarin ons ons bevind, maar aanvaar ook dat ons in oorleg met die Beheerliggaam sal probeer voorsien in die daaglikse bestuur en die skep van 'n rustige omgewing by die skool.

Ten slotte

Ek is maar stil oor die Bulle se prestasies, maar dit is nog vroeg in die seisoen. U weet mos die Curriebeker word eers baie later gewen!
Geniet die res van die week en ons praat weer op 19 Augustus met mekaar.

Roelof Burger
(Skoolhoof)

ADVERTENSIES

CK 53 DRIVING SCHOOL AND TRAINING GROUNDS
VISIT OUR GROUNDS AT
CNR AANDBLOM AND FLAMBOYANT STR,EDLEEN

LEARNERS LICENSE COURSE:
R350,00 PASS GUARANTEED

SPECIAL PACKAGES AVAILABLE:	R 170.00 per Hour
EXCELLENT PRICES:	R2,000 for 13 Hours
FULL PACKAGE FROM START TILL END:	R4,500
LEARNERS LICENSES ALL CODES:	R 350.00
PHONE FOR TEST BOOKINGS	R 200.00

COLLECT AND DROP-OFF AVAILABLE
DUEL CONTROL VEHICLE
FULLY QUALIFIED INSTRUCTOR

KONTAK : KOBUS - 083 419 8043/082 3800 731/
011-393 1674
e-mail : ck53dr@telkomsa.net

Laerskool
Brentwoodpark,
Saterdag,
28 Aug 2010

Volwassenes: R100
Gr 1 - 7: R50
Kleuters: Gratis

EDEN
Vertoning begin
om 19:00

Do you want to be a Model?

* Ramp Modelling
* Photographic Modelling
* Beauty Pageants
* Freeze Modelling
* Dance Modelling
* Fitness Modelling
* Swimsuit Modelling

Aston Manor House, Block 1
128 Monument Road
Kempton Park
Tell: 073 524 4111
models@modellingsouthafrica.org

Enter for
Miss Teen Model of South Africa
or
Miss Model of South Africa
and WIN a Test Shoot of R650.00

Castings Daily - Book NOW

073 524 4111

www.modellingsouthafrica.org

Julie Klinkert Physiotherpy - All kids and parents!!
Pain relief and rehabilitation

Orthopaedic conditions	Musculoskeletal pain
Chronic and acute headaches	Sports injuries
Exam-related pain and stress	Lung conditions

You can find us at 110 Mooirivier Drive, **Norkem Park** - 011 972 3236 **OR**
on the 4th Floor of the **Arwyp** Medical Suites - 011 975 8044

There are **substantial savings on cash options** (R300 per session) and a further **5% discount on presentation of this advertisement.**

NORTONS REST
AFTREE OORD
20 Louisa Straat
Nortons Estate
Benoni
42 Deeltitel Huise
2xslaap,2xbad,oop plan kombuis sitkamer, braai op patio = R750,000-00
19 Voltitel Erwe - Bou u eie huis = R399,000.00
Pryse is alles ingesluit
Kontak:0825790804
Charmaine

Skool Vervoer
Vervoer beskikbaar soggens vanaf Bonaero Park na H/S Kempton Park en smiddae terug.
Kontak Marius by
072 209 9627 of
079 154 2950

J.S. BODY SHAPE
Is jy op soek na 'n persoonlike instrukteur en persoonlike "gym".
Kontak Joey by
084 910 1112 of
011391 3801
Otto Laan 7, Glen Marais

Gratis Liggaams-assessering.

Ekstra Rekeningkunde klasse vir Gr. 8 - 12

Kontak Louwren
083 555 5453

Seyfferdt Photography

078 269 4612
ASTON MANOR HOUSE, BLOCK 1
128 MONUMENT ROAD
KEMPTON PARK

Professionele Fotografie
* Troues
* Familiefotos & Babafotos
* Modelle & Funksies

SPORT

MUURBAL

Die muurbal Somerliga (van Jan. - Jun.) is afgehandel en die Kempies het 'n Eerste en Tweede span ingeskryf. Beide het in die A-liga gespeel. Daar het 13 skole aan die A-liga deelgeneem. Die Eerste span (bestaande uit 7 spelers) het die liga gewen en die Tweede span het 'n 9e plek ingeneem.

Die Lente-liga (wat die matrieks uitsluit) gaan binnekort in aanvang neem. Kempies het weer twee spanne ingeskryf. Sterkte!

NETBAL

Kempies se 1e Netbal het die afgelope naweek in die National Festival kragte gemeet met die sterkste spanne in die land. Hulle het in hul poelwedstryde gekwalifiseer en as een van die TOP 8 spanne in die land geëindig.

Ons vra om verskoning. In die vorige uitgawe het ons berig dat die O/16B 'n 2e plek behaal het in die Superliga, maar hulle het 'n 1e plek behaal.

RINGBAL 2010

Die Ringbal-Liga skop dié week af. Op Woensdag 4 Augustus vind die eerste Liga-wedstryde plaas te Kempton Klubbane. Die wedstryd rondtes vir Hoërskole is 15:10 en 16:10. Mag al julle doele val!!!

HOKKIE

Al vier Kempies se A-spanne het gekwalifiseer vir die Noord-Vaal uitspele.
Die afgelope naweek het die O/14A teen Middelburg 1-2 verloor en die 1e span 1 -3 verloor teen H/S Hoogenhout van Bethal.

RUGBY

Die afgelope naweek het die ander drie A-spanne van Kempies gekwalifiseer vir die kwarteind kompetisie van die Beeld-trofee.
Uitslae was as volg:
O/14A wen Rustenburg 6-0
O/15A wen Rustenburg 27-16
1e wen Eldoraigne 31-28

Volgende Saterdag speel
O/14A teen Menlo Park
O/15A teen Florida
O/16A teen Monument
1e teen Monument
Al vier wedstryde word weg gespeel

KRIEKET

O/14A speel teen Hans Moore. Kempies wen die loot en kolf eerste. Hulle teken 135/8 aan. Hans Moore antwoord met 63/10. Kempies wen met 72 lopies. Uitblinkers met die kolf: Hanno van Tonder 58. Uitblinker met die bal: MJ Schoeman 6/18 in 4 beurte.
O/14B speel teen Hans Moore. Hans Moore wen die loot en kolf eerste. Hulle teken 23/9 aan. Kempies antwoord 25/1 en wen met 9 paaltjies.
O/15A speel teen Die Anker. Kempies wen die loot en boul eerste. Die Anker teken 43/10 aan. Kempies antwoord met 32/10. Die Anker wen met 11 lopies.
2des speel teen Die Anker: Die anker wen die loot en kolf eerste. Hulle teken 170/10 aan. Kempies antwoord met 63/10. Die Anker wen met 107 lopies.
1ste span speel teen Die Anker. Kempies wen die loot en kolf eerste. Hulle teken 316/8 aan. Die Anker antwoord met 156/9. Kempies wen met 160 lopies. Uitblinkers met kolf: Ruan de Beer 70, Henri van Dyk 67, Waldemar Bodenstein 52, Johan Ferreira 43. Uitblinkers met die bal: Frank Taljaard 29/2 in 10 beurte. Ferdie Kolar 21/3 in 4 beurte en Johan Ferreira 26/2 in 4.4 beurte.

LANDLOOP

Uitslae van liga 2:
Ruan Jv Rensburg SO/14 (4de)
Delano Ferreira SO/14 (6de)
Sune Jonker DO/14 (2de)
Tiffany Bell DO/14 (3de)
Marné Jonker DO/14 (5de)
Andria Mouton DO/14 (6de)
Tiaan Jacobs SO/15 (1e)
Sibi Nkosi SO/15 (2e)
Mickey Goosen SO/15 (4de)
Monique Stander DO/15 (1e)
Chanelle Potgieter DO/15 (5e)
Sibyda Maloise DO/15 (6e)
Reinier Horak SO/16 (1e)
Tiaan Botes SO/16 (2e)
Chris Swanepoel SO/16 (3e)
Doricia le Roux DO/16 (1e)
Anrea Mouton DO/16 (3e)
Chante Kloppers DO/16 (7e)
Danielle Oostuizen DO/16 (6e)
Anna Makwena DO/16 (8e)
Hans Gildenhuys SO/17 (3e)
Marchell Oosthuizen SO/17 (4e)
Estie Brits DO/17 (1e)
Pieter Wilders SO/19 (1e)
Michael van Aswegen SO/19 (2e)

Groep uitslae:

Junior seuns :
1 Kempton 20
2 Norkem 62
3 Jeugland 81

Junior dogters
1 Gelyk Kempton en Jeugland 18
3 Benoni High 77

Senior Seuns
1 Kempton 11
2 Zitikeni High 64
3 Tembisa 76

Senior Dogters
1 Kempton Park 18
2 Jeugland 21
3 Benoni High 88

Algeheel seuns
1 Kempton Park 31
2 Norkem Park 140
3 Zitikeni 158

Algeheel dogters
1 Kempton Park 36
2 Jeugland 39
3 Benoni 145

ANDER SAKE

KOOR:

Die Kempie koor het verlede week aan die Segarona Kunswedstryd deelgeneem en het 'n dubbele goud toekenning verwerf met 'n persentasie van 94%, die Distrikskompetisie gewen en sodoende deurgedring na die provinsiale finaal wat op 24 Augustus te Springs Staatsteater plaasvind. Geluk Kempies. Julle het pragtig gesing.

ATKV REDENAARS

Sterkte aan die volgende leerlinge wat Vrydag 6 Augustus aan die ATKV se halfeindrondte, individuele redenaarskompetisie , by Marais Viljoen gaan deelneem.

Seniors:
Armand Algera
Carika Jacobs
Veruschka Theron

Juniors:
Neil du Plessis
Ruan de Witt
Celeste Jonker

Glo in jouself en praat jou praat!

Hiermee word u vriendelik uitgenooi na die

Kempie Expo 2010!

Kom ervaar die wonderwêreld van die wetenskap.

Waar: Skoolsaal
Wanneer:5 Augustus 2010
Tyd: 8:30 - 20:00

Hoop om jou daar te sien!

HET JY GRIEP ! ! !

- koors, hoes, seer keel, 'n loopneus, seer lyf, hoofpyn, moegheid?? Vind meer uit oor `n kliniese navorsingstudie, vir die toets van `n nuwe medisyne, vir die behandeling van alle soorte griep. Skakel ons so gou moontlik by CLINRESCO as jy wil deelneem.

Tel: 011 394 3400/
072 378 5423

UIT DIE FINANSIES KANTOOR

Ouers wat nog nie hul korrekte e-pos adres aan ons gestuur het vir maandelikse state nie, moet dit asb. so gou moontlik stuur na michelsmith@mweb.co.za

Ons herinner u om die herregistrasievorms van gr.8 - 11 voor **17 September 2010** in te handig.

Die R330 registrasiesfooi kan by die kassiere inbetaal word. Dit sal op die September rekening verskyn.

Hoërskool Kempton Park

OUT - OF - DOOR

18 Augustus 2010
18:00-20:00

AKADEMIE LEIERSKAP KULTUUR SPORT

Kom sak en pak na die *Kempies* toe

Ons het 'n sak vol planne vir jou! ! !

GESINSPITKOS

BESKERM JOUSELF EN JOU KINDERS

Dit is baie duidelik dat die tegnologie van selfone so verbeter het dat ons bykans enigiets met 'n selfoon kan doen, praat, SMS, MMS, foto's neem en stuur en inligting van die Internet afkry, banksake doen en nog vele meer.
Dieselfde tegnologie laat ongelukkig die agterdeur oop vir enige--iemand wet dit vir duistere redes wil misbruik. 'n Mens moet dus baie seker maak dat almal in die gesin deeglik bewus is van wat gedoen mag word en wat nie.
Volwassenes en kinders moet met die nodige kennis toegerus wees as hulle selfone gebruik en nie in 'n strik trap wat hulself of ander kan skade aandoen nie.
Vodacom het 'n brosjure wat spesifiek vir hierdie doel saamgestel is en hulle beveel onder meer die volgende aan:

- As jy vermoed jou kind word op sy selfoon of internet "ge-*groom*" (pedofiele maak kontak en probeer 'n ontmoeting reël), moet jy die polisie in kennis stel.
- Skerp dit by jou kind in om nooit sy kontak-besonderhede aan enige onbekende te gee nie en om ook nie op onbekende boodskappe te antwoord nie.
- Leer jou kind om dadelik vir jou of 'n ander persoon wat hy vertrou te vertel as hy geboelie of getreiter word.
- Verduidelik aan jou kind dat hy nie boodskappe moet aanstuur wat ander kan seermaak of benadeel nie.



Dr Piet gee ook die volgende waarskuwings:

- Alle selfoonverbruikers moet hulself vergewis hoe die slenters werk.
- As dit te goed klink om waar te wees, is dit tien teen een.
- Bewaar die nommer van jou bank op jou foon en bel hulle altyd om verdagte SMS'e te bevestig.
- Gaan die internet vir opdaterings van SMS- slenters na.
- Meld alle misbruike by WASPA (Wireless Application Service Providers' Association) aan.

Indien 'n saak van selfoonmisbruik by die skool aangemeld word, word dit in samewerking met die Departement van Onderwys en ons Maatskaplike werkster hanteer.
Enige navrae kan gerig word aan Christel Minnaar by 011 970 2102.